# *Die Magasyn op Lydenburg*

deur

D. W. HOFFMANN

WANNEER 'n mens Lydenburg inry vanaf Pretoria, sien 'n mens net oorkant die Sterkspruitrivier 'n interessante geskiedkundige geboutjie aan die regterkant van Viljoenstraat, net voor jy by die stopteken van Voortrekkerstraat kom op die erf suid langs McGee's Garage.

'n Vreemdeling sal tevergeefs na 'n magasyn uit die jare rondom 1880 verneem, aangesien min Lydenburgers van sy bestaan bewus is. Die klein klompie mense wat wel van so 'n gebou weet, kan jou niks of baie min daarvan vertel. Volgens prokureur Nic Schoeman, oudstryder en oud L.V. vir Lydenburg, is die magasyn voor die eerste anneksasie van Transvaal gebou, maar het in onbruik geraak toe in die 90-er jare ander voorsiening gemaak is.



Die gebou se mure is ongeveer 1¾ voet dik en is gebou van leiklippe wat netjies en gelyk afgewerk is. Dit het 'n staandak en die gewels is van steen gebou. Die plafon is van dik planke, ongeveer 2 duim dik. Aan die suidekant is 'n venster wat met ystertralies toegemaak is en die massiewe deur van omtrent 2 duim planke vervaardig, is nog in werkende toestand. Op die klippe van die gebou is name, nommers en datums soos die volgende uitgekrap: Nr. 5751 Pte. A. Lawrence, Pte. J. Judd 80, 645 Pte. W. G. Wright. Hiervan word afgelei dat die magasyn gedurende die eerste Britse besetting gebruik is. Van die deur af is ook nog tekens van 'n paadjie, uitgevoer met ouklip wat na Viljoenstraat loop.

Bokant, tussen die venster en die plafon, is 'n gat gemaak toe gesoek is na nog gewere aangesien gewere onder die vloer gekry is.

Vandag word die geskiedkundige magasyn gebruik as 'n kolekamer terwyl die grond waarop dit staan aan die munisipaliteit van Lydenburg behoort.